# NG Gemeente Montana: Kleingroepe 2026

*God se droom vir sy kerk: Behoort én Beweeg.*

**2026.09**

---

Matteus 16:16; Romeine 10:8-10; 1 Korintiërs 1:10-11; 1 Petrus 3:15b; Hebreërs 11:1

**Wees eensgesind (in geloof)**

Daar was in die vroegste kerk reeds baie verwarring deur die verskille in leer wat in die vroeë tye van die kerk ontstaan het weens dwaalleraars en ook deur kerklike verskille. 'n Gemeenskaplike belydenis van die Bybelse leer het noodsaaklik geword, wat op Christus fokus.

Die oudste bekende weergawe is waarskynlik gebaseer op Matt 16:16 (En Simon Petrus antwoord en sê: U is die Christus, die Seun van die lewende God.). Hieruit het die oudste vorm, die Romeinse Geloofsbelydenis, gevolg, wat mettertyd verfyn is tot die uitstekende vorm wat ons vandag ken. Hierdie belydenis word deur alle Christelike kerke as gemeenskaplike geloofsbelydenis aanvaar.

In 150 nC was die basiese vorm van hierdie belydenis reeds in Rome bekend. Hierdie belydenis is mettertyd uitgebrei totdat dit sy huidige vorm in 500 nC gekry het.

In hierdie belydenis word die hoofsaak van die evangelie in twaalf kernpunte saamgevat. Hiermee bely ons wat die hoofwerk van die drie Persone in die Drie-eenheid is.

**APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS**

Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.

En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here; wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria;

wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is,

gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het;

wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode;

wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,

van waar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het.

Ek glo in die Heilige Gees.

Ek glo aan ‘n heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges;

die vergewing van sondes;

die opstanding van die vlees

en ‘n ewige lewe.

- https://www.bybelkennis.co.za/die-rol-van-die-apostoliese-geloofsbelydenis/

Dink bietjie:

- Ken jy die Apostoliese geloofsbelydenis uit jou kop uit?
- Sê jy dit maar sommer net op, of weet jy wat jy sê?
- Tel bietjie die dele van die Geloofsbelydenis – kry jy ook 12?

*Vir die groepgesprek:*

1. Hoe help die Apostoliese Geloofsbelydenis jou om jou geloof te verwoord?

2. Kan ons vandag nog glo soos die mense in die Bybelse tyd geglo het?

3. Kan ons vandag nog saam met soveel ander mense deur die geskiedenis heen bely dat die kern van ons geloof dieselfde gebly het?

*Vanuit die teksgedeeltes:*

1. Is die belydenis in Matteus 16:16 genoeg?

2. Lees 1 Korintiërs 1:10-11: Watter gevaar hou dit vir ons as gelowiges in wanneer daar nie duidelikheid is oor wat ons glo nie?

3. Lees 1 Petrus 3:15b: Hoekom is dit so belangrik dat ons as gelowiges duidelik moet kan sê wat ons glo?

4. Lees Hebreërs 11:1: Hoe dink julle som hierdie vers ons geloof op?

5. Romeine 10:8-10 wil iets vir ons sê van die belang om ons geloof te bely. Wat dink julle beteken dit alles? En hoe kan ons dit prakties laat gebeur?

6. Is dit nodig dat mense so ernstig met mekaar verskil oor wat hulle glo, en nie eenstemmig is nie? Wat dink julle?

Sê die Apostoliese Geloofsbelydenis hardop saam op in die groep. Vertel mekaar wat dit vir jou beteken. Deel sommer ook jou belewenis van toe jy belydenis afgelê het.